STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 33 - 2018 • EDITION 33 - 2018

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners,

Welkom terug! Wat 'n voorreg om 'n nuwe jaar saam met u te kan begin. 'n Besondere welkom aan nuwe intrekkers en al ons eerstejaar-studente wat van nou af deel van ons mooi dorpe gaan wees.

Baie Geluk!

Ek wil sommer afskop deur alle studente, matrieks en leerders wat suksesvol hul studiejaar afgelê het, geluk te wens met hul prestasies. En diegene wat nie geslaag het nie, moet ook nie moedeloos raak nie. Wat is 'n enkele jaar nou in die groter geheel van tyd? Probeer asseblief weer! Geluk ook aan alle skoolhoofde, onderwysers en ander opvoeders wat so 'n belangrike rol in ons jongmense se lewens speel en so baie van hul tyd gee om ons jeug op te voed. U maak 'n onuitwisbare bydrae tot ons land en sy mense.

Skoon Oudit

Dit is lekker om die jaar te begin met goeie nuus: Stellenbosch Munisipaliteit het sy derde agtereenvolgende skoon oudit gekry! 'n Skoon oudit is nie die begin en einde van goeie bestuur nie, maar tog 'n bewys dat die munisipaliteit se finansiële sake in orde is, dat ons in lyn met al die voorgeskrewe wetgewing optree, dat die nodige voorskrifte nagekom word en dat daar nie enige ernstige tekortkominge in ons interne beheerstelsels is nie. Ek is geweldig trots op hierdie oudit ten spyte van baie historiese struikelblokke en wil baie dankie sê aan ons Munisipale Bestuurder, die Hoof Finansiële Beampte en al die amptenare wat hard werk om seker te maak ons voldoen aan al die vereistes. Hierdie skoon oudit beteken egter nie dat

Dear Residents,

Welcome back! What a privilege to begin a new year with you. Welcome to our new residents, and to all our first year students, who will be part of our beautiful towns from now on.

Congratulations!

I want to kick off by congratulating all the students, matriculants and learners with their achievement of successfully completing their studies last year. And to those who did not pass, do not lose hope. What is a single year in the bigger picture of time? Please try again. Congratulations to all the headmasters, teachers and other educators who play such an important role in the lives of our young people and spend so much time teaching them. You make an undeniable contribution to our country and its people.

Clean Audit

It is great to be able to start with good news: Stellenbosch Municipality has received its third consecutive clean audit! A clean audit is not the end all and be all of good management, but it is proof that the municipality's financial matters are in order, that we act in line with all written legislation, that the necessary regulations are adhered to and that there are no serious shortcomings in our internal control systems. I am very proud about this audit despite many historical stumbling blocks. I want to thank our Municipal Manager, Chief Financial Officer and all the officials who worked very hard to make sure we meet all the criteria. However, this clean audit does not mean that we are without faults. There are still a lot of room for

Adv. Gesie van Deventer
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

SPAAR WATER
SAVE WATER

Ernstige Droogte
Serious Drought
bl/pg 2

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SAFETY SSI INITIATIVE

ons sonder foute is nie en daar is steeds baie om te verbeter. En natuurlik waarborg 'n skoon oudit nie dienslewering nie, maar u kan verseker wees ons werk onverpoosd om aanhoudend ons dienslewering te verbeter.

Ernstige Droogte

Soos u almal weet het die droogte in ons provinsie vererger en nou kritieke afmetings aangeneem. Ons het dan ook pas Vlak 6 waterbeperkings afgekondig. Die helfte van die somer is nog oor en daar is geen teken van goeie reën vir die volgende paar maande nie. Inteendeel word uiterste hitte verwag. Ons het 'n goeie Droogte Weerstandsplan in werking en het reeds al ons bestaande boorgate getoets, nuwes geboor en toerusting daarvoor aangeskaf. 'n Addisionele begroting van R36 miljoen is begroot en gebruik hiervoor. Die addisionele water sal egter net aan ons basiese behoeftes voorsien en ons voorsien dat die damme sal leegloop in Mei vanjaar. Dan sal ons boorgate al bron van water wees, en ons bereken tans dat ons net 52% van die normale toevoer sal kan verskaf. U moet asseblief alles doen wat u kan om elke liter water te bespaar. Elke liter is kosbaar.

Boorgate

Baie mense vra waarom boor ons nie meer gate nie en baie mense boor dan ook hul eie boorgate en sommige mense verkoop selfs water! Daar is egter nie onbeperkte hoeveelhede grondwater nie en die Nasionale Regering het pas aangekondig dat hul nou boorgatgebruik gaan begin reguleer met waterinspekteurs. Dit is onwettig om boorgatwater te verkoop of te koop tensy 'n verkoper ingevolge die Waterwet geregistreer is as 'n gemagtigde verkoper.

Uiteraard het spesiale aksies ook 'n impak op die begroting en waterpryse. Ons probeer dus die middeweg volg, want in die huidige ekonomie kan baie mense nie nog verhoogde belastings bekostig nie. En sou dit reën, sal hierdie maatreëls natuurlik nie meer nodig wees nie. Natuurlik is daar sekere mense wat blaam wil uitdeel en sê dat ons moes voorsien die droogte gaan kom. Dis egter 'n baie komplekse probleem, want die ongehoorde droë winter was 'n eerste ooit. Wie van ons het in April geglo dat daar feitlik geen reën sal wees nie? Wat dit egter nog moeiliker maak is die feit dat die mandaat oor water en damme en die finansiering daarvan by Nasionale Regering berus. Plaaslike owerhede se mandaat is hoofsaaklik die verspreiding en regulering van water. Ons is egter beter voorberei en gereed as die meeste ander munisipaliteite in die droogtegebied en met verantwoordelike gebruik, behoort ons ook hierdie krisis te kan oorleef.

Spaar Water, Studente

Met die begin van die nuwe jaar verwelkom ons ook weer ons studente in ons dorp. Julle is baie welkom! Onthou, julle is nou volwaardige inwoners van Stellenbosch en ons dra julle belange ook op die hart. Ek doen 'n beroep op veral die nuwe studente om hulself te vergewis van ons waterbeperkings en dit asseblief toe te pas by u koshuis, woonstel en klaskamers. Ons het julle samewerking ten alle tye nodig om ons waterverbruik te beperk.

improvement. And of course, a clean audit does not automatically mean service delivery, but we work relentlessly to make sure our service delivery improves.

Serious Drought

As you all know, the drought situation in the province has worsened and has now reached crisis levels. We have also announced Level 6 water restrictions. With half of the summer months still ahead, there are no signs of rain in the coming months; on the contrary we are expecting extreme heat. We have deployed a very good drought response plan and have already tested all our existing boreholes, drilled new ones and obtained the necessary equipment. An additional budget of R36 million has been budgeted and used for this. The additional water will only be able to provide for our most basic needs. Our forecasts indicate that the dams will run dry by May of this year. Our boreholes will then be our only source of water. We estimate that we will only be able to supply 52% of our normal supply. You must please do everything you can to save every litre of water. Every litre is valuable.

Boreholes

Many people ask why we don't just drill additional holes. Many people do just drill their own boreholes. Some even sell the water they get from the boreholes. There is however not an unlimited supply of groundwater and the National Government has just announced that they will start regulating borehole usage by means of water inspectors. It is illegal to sell or to buy borehole water unless the seller is registered, in terms of the Water Act, as a legally approved seller.

Of course these special actions also have an impact on the budget and on the water prices. We therefore try to follow the middle ground, because in the current economy people cannot afford increased tariffs. And if it rains, all of these measures will no longer be necessary. There are of course some people who want to assign blame and say that we should have made earlier drought provisions. It is however, a much more complex problem due to the extreme dry winter, a first for the region. Who would have believed in April last year that we will receive almost no rain? What makes the situation more complicated is that the mandate over water and dams, as well as the financing thereof, resides with the National Government. Local Government's mandate is mainly responsible for the distribution and regulation of water. We are however more prepared and ready than many other municipalities in the drought affected region and with responsible use, we should be able to survive the crisis.

Save Water, Students

With the start of the New Year we also welcome back our students to our towns. You are very welcome! Remember, you are full-fledged residents of Stellenbosch and we take your interests to heart. I call on, especially the new students, to please make yourselves aware of our water restrictions and to please apply it in your residence, flat or classroom. We need your full cooperation at all times to limit our water usage.

Waterboetes

Ons inwoners werk meestal baie mooi saam met ons en oor die algemeen word daar gehoor gegee aan ons beperkings. Daar is egter steeds sondebokke wat selfsugtig is en voortgaan asof alles normaal is. Ons sal dit nou met alle erns en vinnig aanspreek deur die uitreiking van boetes. Die Landdros het ons kitsboetes in beginsel aanvaar. Oortreders kan verwag dat substansiële boetes uitgereik gaan word en hul water kan ook beperk word indien hul nie wil saamwerk nie. Rapporteer asseblief hierdie moedswillige mense wat water mors ten koste van ons ander. (Bel 021 808 8215/8953).

Vlak 6 Beperkings

Soos reeds vermeld, het ons dan ook ons waterbeperkings verhoog na Vlak 6 ooreenkomstig die Regulasie van Nasionale Regering wat op 12 Desember 2017 uitgereik is.

Wat behels dit? Die kennisgewing vereis dat alle industriële en huishoudelike waterverbruik met 45% en alle landbou-waterverbruik met 60% ingekort word. Dit word gebaseer op die gemiddelde waterverbruik vanaf 2010/11 tot 2014/15. Stellenbosch self moet dus in totaal sowat 46% minder water gebruik en is tans by sowat 44%.

Alle persone moet hul daaglikse waterverbruik beperk tot die voorgeskrewe 87 liter per dag. Dit beteken dat enige persoon se gekombineerde gebruik by die werk, huis en enige ander plek waar hy/sy mag verkeer, nie meer as 87 liter per dag mag wees nie. Die totaal vir alle huishoudings word beperk tot 10.5 kiloliter per maand. Dit word bereken op 4 persone per huishouding wat slegs 87 liter per persoon per dag gebruik. Huishoudings wat groter is as 4 persone kan aansoek doen vir 'n hoër gebruik gebaseer op die addisionele persone. Dis regtig nie baie water nie en u sal mooi moet werk om hoë verbruikboetes te voorkom.

Waterwenke

Maklike spaarwenke sluit in:

- Stort (nie langer as 2 minute nie) eerder as bad en stort net wanneer dit nodig is.
- Sit 'n emmer in die stort en vang die water op. Gebruik dit om die toilet mee te spoel.
- Spoel die toilet slegs wanneer dit absoluut nodig is
- Gebruik waterlose handskoonmakers om jou hande mee te skoon te maak eerder as om jou hande te was.
- Was slegs 'n vol bondel wasgoed, eerder as om een of twee items op 'n slag te was en moenie klere was as dit nie regtig nodig is nie.

Brandseisoen

Ons is nou ook in die hart van brandseisoen en daar was reeds verskeie voorvalle gedurende Desember. Ek wil inwoners asseblief vra om uiters versigtig met oop vlamme te wees. Omdat dit so droog is, versprei brande baie vinnig en kan 'n klein ongeluk tot 'n katastrofe lei. Let daarop dat geen vure gemaak mag word in munisipale parke en groenspasies nie. Wanneer u 'n vuur aansteek vir braai, moet dit nooit onbewaak gelos word

Water Fines

Overall our residents are cooperating very well and adhere to the restrictions. However, there are a few bad apples who selfishly go ahead as per normal. We will now address it quickly and seriously by issuing fines. The magistrate has in principle approved our fast fines. Transgressors can now expect to be issued with a substantial fine and their water will also be restricted if they do not cooperate. Please report these wilfully disobedient residents who waste water at the expense of others. (Call 021 808 8215/8953)

Level 6 Restrictions

As already mentioned, we have raised the water restrictions to Level 6 in accordance with the Regulation of the National Government issued on 12 December 2017.

What does this entail? The notice requires that all industries and household water consumption be reduced to 45 % and all agricultural consumption to 60%. This is based on our average water consumption from 2010/11 to 2014/15. Stellenbosch therefore must reduce its consumption to 46% and we are currently at 44%.

All persons must limit their daily water usage to 87 litres per day. This means that any person's combined water consumption at work, home and any other place he or she may go throughout the day, must not exceed 87 litres per day. The total of all households are limited to 10.5 kilolitres per month. This is calculated on 4 persons per household using only 87 litres per person per day. Households larger than 4 people can apply for a higher usage based on the additional persons in the house. It is really not a lot of water and you will have to work sparingly to avoid fines.

Waterwenke

Easy tips for saving water include:

- Shower (no longer than 2 minutes) instead of taking a bath and shower only when necessary.
- Place a bucket in the shower and collect the runoff water. Use this to flush the toilets with.
- Flush toilets only when absolutely necessary.
- Use waterless hand sanitizers to clean your hands instead of washing it.
- Only wash full loads of laundry instead of one or two items at a time and only wash when it is really necessary.

Fire Season

We are also in the middle of fire season and there already were several incidents during December. I want urge residents to be extremely careful with open flames. Because it is so dry, fires spread very quickly and a small accident can result in a catastrophe. Take note that no fires are allowed in municipal parks or green spaces. When you light a fire for a braai, do not leave it unattended and keep a bucket with sand or water at hand

nie en hou 'n emmer sand of water byderhand om enige kole wat moontlik val onmiddellik te blus. Wees veral bedag op vure wanneer die wind waai. Moet nooit kerse, lampe of gasstowe aansteek en net loop of kinders daarby los om toesig te hou nie. Stoor vuurhoutjies buite die bereik van kinders.

Graag sê ek baie dankie vir ons brandweermanne en nooddienspersoneel wat regdeur die Feesseisoen aan diens was en baie hard gewerk het om seker te maak ons bly veilig.

Opwindene Toerismejaar

Dit gaan 'n besige toerisme jaar wees vir ons omgewing. Die eerste kwartaal is gevul van hoek tot kant met gebeure en feestelikhede. Maart is dit weer Woordfees en op 10 Maart speel Stellenbosch gasheer vir die UCI Bergfiets Wêreld Kampioenskappe! Dit gaan werklik 'n opwindende geleentheid wees. Stellenbosch bied vir die volgende drie jaar die eerste been van die kampioenskappe aan en belangstellendes kan verseker wees van 'n wêreldklas sportgeleentheid! Hou die pers dop vir meer inligting en doen moeite om by te woon. Ek kan u verseker dat dit 'n geleentheid is wat u nie sal wil mis nie!

Ruimte Ontwikkelingsraamwe

Stellenbosch Munisipaliteit is in die proses om ons Ruimte Ontwikkelingsraamwerk (Spatial Development Framework) te hersien. Aan die einde van verlede jaar het ons reeds verskeie ope-dae gehou en vir insette en kommentaar gevra. Hierdie proses gaan voort in die nuwe jaar en sal ook later vanjaar deel uitmaak van ons geïntegreerde ontwikkelingsplan-proses. Gaan kyk gerus op ons webblad vir inligting rakende die proses en hou ook die pers dop. Ons sal u deurlopend op hoogte hou van ons vordering. Dit is 'n uiters belangrike proses en u deelname hieraan is baie belangrik. Dit beïnvloed die toekomsbeplanning van ons dorpe, en ek weet dit is 'n onderwerp wat ons inwoners na aan die hart lê.

Kontak my!

Skryf asseblief vir my oor dinge wat u pla, dit wat u beïndruk en dit wat u graag wil sien gebeur. Dis altyd lekker as ek positiewe briefies kry oor ons personeel of dienslewering. En net so lekker om te sien mense kla omdat hul omgee vir ons dorpe en omgewing. Na 'n bietjie vakansie voel ek lus vir uitdagings, die oplos van ou sake en nuwe take.

Groete,
Burgemeester Gesie

to put out any coals or sparks. Please be cautions with fires when the wind is blowing. Never leave candles, lamps or gas stoves unattended or leave children to look after it. Store matches well beyond the reach of children.

I want to thank the firemen and emergency services staff who were on duty and worked very hard throughout the Festive Season to make sure we remain safe.

Exciting Tourism Year

It is going to be a busy tourism year for our region. The first term is stacked with events and festivities. In March we have the Woordfees and on 10 March Stellenbosch is hosting the UCI Mountain Bike World Championship! This will truly be an exciting event. Stellenbosch is hosting the first leg of the championship for the next three years and those who are interested can be assured of a world class sporting event! Keep an eye out in the media about the event and make the effort to go and attend. I can assure you, you do not want to miss this!

Spatial Development Framework

Stellenbosch Municipality is in the process of reviewing our Spatial Development Framework. At the end of last year we hosted various open days and asked for inputs and comments. This process will continue in the New Year and will expand later in the year to form part of our integrated development plan process. Please go and have a look on our website for information on our progress. It is an extremely important process and your participation is very important. It impacts the future planning of our towns and I know it is a topic that is close to the heart for many residents.

Contact me

Please write to me about issues that bother you, things we do that impress you and what you would like to see happen. It is great when I get positive letters about our staff or service delivery. And it is just as good to see people complain because they care for our towns and area. After a bit of a holiday, I feel ready the challenges, solving outstanding issues and tackling new ones.

Regards,
Mayor Gesie

VLAK 6 WATERBEPERKINGS

ERNSTIGE DROOGTE

ELKE DRUPPEL TEL

Rapporteer alle wateroortredings by 021 808 8215 / 021 808 8953 of water.restrictions@stellenbosch.gov.za

LEVEL 6 WATER RESTRICTIONS

SERIOUS DROUGHT

EVERY DROP COUNTS

Report all water transgressions to 021 808 8215 / 021 808 8953 or water.restrictions@stellenbosch.gov.za